Dissipelskap: Deel 3

'n Dissipel is ernstig oor die Woord van God

2 Tim 2:15 "Lê jou daarop toe om jou tot beskikking van God te stel as 'n arbeider wat die goedkeuring van God wegdra, 'n arbeider wat hom vir sy werk nie hoef te skaam nie, wat die woord van die waarheid suiwer verkondig"

Die Woord van God is nie soos enige ander boek nie, dit is 'n "lewende boek". Dit is 'n boek waarin ons God beter leer ken en 'n boek wat vormend op ons lewe inwerk. Vir elke dissipel is die Woord van God 'n onmisbare skakel in hulle daaglikse lewe. Ons kyk hierdie week na die belangrikheid van die Woord van God vir jou as dissipel.

1. Watter waarde het die Bybel (Woord van God) vir jou? Dink jy dat dit relevant is vir jou lewe?
2. Kom ons kyk na 'n paar teksgedeeltes. 2 Tim. 3:16; Spr. 30:5-6; 2 Kor. 3:5-8; 1 Pet. 1:22; Ps. 119:89-93, 105; 1 Kor. 3:1-5; Jak. 1:21-25; 2 Tim. 2:15
3. Hoe is hierdie teksgedeeltes op jou lewe van toepassing?
4. Wat staan vir jou uit as jy bogenoemde gedeeltes lees?
5. Memoriseer 2 Tim. 2:15 hierdie week.
6. In watter opsigte maak God jou nederig sodat jy weer Sy Woord ernstig opneem?
7. Watter rol speel die Heilige Gees wanneer jy die Bybel lees?
8. Het jy in 2020 vir jou geestelike groei doelwitte gestel?
9. Wat kan jy doen om meer gereeld jou Bybel te lees en om die inhoud daarvan te verstaan?
10. Indien jy ernstig is oor jou verhouding met die Here, dan het jy sekerlik aan die einde van hierdie studie 'n paar besluite geneem. Deel dit met iemand sodat hulle vir jou kan bid en jou kan help om daarby te hou.